

**Skriflesing:** 2 Samuel 10:1-14

Teks: 2 Samuel 10:2-4; 12

**Sing- (Samesang- Ps.149:1,2)- Ps.48:1,3; Ps.31:4,19; Ps.133:1,2; Ps.91:2,7**

Watter skande sal baie mense uitroep! Waarlik, broeder en suster, Dawid het dit sekerlik nie verwag nie! Sy bedoeling was dan net goed. Hoe kan mense so iets gedoen het? Om van Dawid se beste bedoelinge eintlik  $\emptyset$  bespotting van te maak. Alles begin waar daar  $\emptyset$  nuwe koning onder die Ammoniete begin regeer.  $\emptyset$  Man met die naam van Hanun. Hanun se pa Nahas was iemand met wie Dawid die pad kon saamloop en Nahas het gesterf. Toe die seun nou koning word toe het Dawid dit werklik goed bedoel om eintlik troos te wil gaan uitdeel. Hy het aanvaar die seun en so baie van die volk aldaar is in rou gedompel oor hulle pa, oor hulle koning se dood en daar stuur Dawid sy dienaars soos daar in vers 2 ook staan- *om te troos...*

\*\*\*

Maar hierdie Hanun, ons sal later vanoggend in Sondag 2 van die Kategismus dit dalk nog beter verstaan, hy bewys wat alle mense in hulleself is, boser as die boosheid self.  $\emptyset$  Daad van liefde word met die grootste spot en afgryse afgemaak. Liefde wat nie liefde wek, soos Ps.133 ons laat sing nie, maar haat word gewek. Daar gebeur wat in ons tyd net so maklik gebeur, dat agterdog en wantroue mense kan aanspoor om eintlik die beste van bedoelinge verdag te maak met die slegste van gevolge denkbaar. Daar staan op die einde mans wat troosters wou wees, met half geskeerde baarde en klere in die helfte geskeur dat daar nie  $\emptyset$  man was wat nie verneder was nie. Daar was geeneen van hulle wat wou gaan troos wat nou na homself moet kyk om elk sy naaktheid te probeer bedek nie.

\*\*\*

Ons weet, ook vanuit ons geskiedenis, dit was met ons voorouers baie keer nog so, dat  $\emptyset$  vol baard was vir  $\emptyset$  man sy trots. In Israel was die baard die reël, saam met die liefde wat liefde wek, gaan dit juis in die priesterdiens, *sy baard oordrup en heilge kleed deurtrek...* Vol baarde was  $\emptyset$  bekende gesig, maar nie soos hierdie manne wat troos wou bring nou lyk nie. Die een kant van jou gesig nog die mooi vol baard, maar die ander kant totaal afgeskeer. So is hierdie manne verneder. Want Hanun het hom deur sy volksgenote laat voorsê, Dawid, sy manne en hulle bedoelinge is verdag gemaak want het die storie geloop, Dawid wil ons nie troos nie, maar soos daar in vers 3 staan- Dawid is eintlik besig om op ons te spioeneer. Die troos wat hy kamtig wil bring is maar  $\emptyset$  dekmantel,  $\emptyset$  rookskerm, hy is eintlik hier *om die stad te deursoek en dit te verken en dit later om te keer...*

En dan begin die vernedering. Verdagmakery is so dikwels die begin van vernedering. Om letterlik die manne se baarde middeldeer te skeur en ook hulle klere te verflenter. Dadelik sal party dink maar dit kon erger gewees het, hulle kon hulle doodgemaak het. Broeder en suster ons moet besef hier is die ergste vorm van vernedering vir wat daardie kulture aanbetref. Die Hebreuse kultuur spreek so sterk in die baard dat daar eerder mans sou wees wat verkies om te sterf as om so verneder te word. Hierdie Hanun-manne het dit natuurlik ook geweet, daarom verneder hulle Dawid se manskappe nog meer as wat die vernedering sou wees deur hulle maar eerder dood te maak. Asof die vernedering nie genoeg was nie word hulle klere onder die heupe afgesny en so word hulle geminag en verneder van kop tot tone. Geen van hierdie mans het enige waardigheid oorgehou nie. Om hulle nou so half geskeer en half-kaal terug te stuur Jerusalem toe, was wat Hanun van Dawid se troosters gedink het.

\*\*\*

Daar is natuurlik dieselfde vraag vir ons vandag te vra- hoe is ons ingesteldheid, die troos wat God met die beste bedoelinge na ons stuur, hoe antwoord ons daardie troos?! Wil ons eerder iemand se baard begin uittrek in plaas van om werklik te soek na wat leef in die hart. Sal ons veel eerder die troos bevraagteken en al hoe harder werk aan hoe ek die trooster wat God stuur kan verneder. Is dit hoe ons as mense is- ja broeder en suster, u sal dit later vandag nog harder hoor- *van nature geneig om God en my naaste te haat...*

Die **natuur** by die man om  $\alpha$  baard te moet hê, die **kultuur** van man en vrou om ordentlik geklee te wees, ons sondige hande wil niks uitlos nie. Natuur ó die baard- en kultuur- die klere, die mens hou daarvan om beide op te mors! God het beide geskape- natuur en kultuur. Ons lees van  $\alpha$  ander man in die Here se Woord- Simson, waar nie net  $\alpha$  lang baard by hom getel het nie, maar niks van hom mag geskeer geword het nie, nie hare nie, ook nie sy baard nie. En daar die man wie se krag in sy hare was, daar het ander mense hom ook verneder. Sy hare afgeskeer, op  $\alpha$  manier tog vergelykbaar met hierdie troosters wat Dawid wou stuur , maar die mens verneder die mens. Die mens kan nie vir God verneder nie. Geen mens kan vir God verneder nie. God laat Hom nie verneder nie. Waar die mens dink om God te wil verneder daar sal die mens gestraf word!

\*\*\*

God sal straf, by Simson wys die Here dit so duidelik. Die vyand kon Simson se hare afsny, maar hulle kon nie die haarwortels verwyder nie. Daardie haarwortels bly lewend en daarin sit die genade van God. By Simson was sy andersheid sy hare en vir ons as gelowiges vandag, ja die Here verwag van jou dat jy anders moet wees. Dawid wat anders was as

gewoon ander volke en sy volk ook anders wou lei. Dawid het nie troosters onder 'n dekmantel na die kinders van Ammon gestuur nie, ander volke sou in van die meeste gevalle as so 'n volk se koning sterwe eerder hierdie swak punt, hierdie laagtepunt uitbuit, dalk juis in so 'n kwesbare tyd aanval en die volk probeer onderwerp.

Dawid het gegaan om te troos, hy was anders as wat ander konings sou doen, daarin lê sy andersheid. Simson was anders. Ons as Gereformeerde kerk, hier, maar die invloed wat waarlik gereformeerde mense landwyd gehad het, ons wat 'n geskiedenis van 150 jaar agter ons moet kan plaas, dink ons genoeg daaraan dat ons identiteit was vir die grootste deel van ons geskiedenis geleë in die feit dat ons op grond van ons beginsels 'n andersheid as maar die ander protestants-gereformeerde kerke in Suid-Afrika gehad het. Doppers was anders, om dit nou maar so te stel!

\*\*\*

Daardie andersheid is vir baie jare deur die Here geseën. Ons is in ons andersheid gedra. Die feit dat ons nie maar net liederes wil sing waarvan ons hou nie, maar dat daar na Psalms verlang was....dat daar vroeg reeds gevra was, nog lank voor 1859, wat sê Dordt?! Watter andersheid het gemaak dat die sinode van Dordrecht 1618/19 'n belydenis en 'n kerkorde aan ons as kerke 'n eiesoortige, besondere inslag kon gee. Twee eeue later, met die Algemene reglement in Nederland van koning Willem kort na die Franse Rewolusie waar Napoleon in 1813 sy rieme styfloop, maar tog het die wêreld met vryheid, gelykheid en broederskap- die leuse van die Franse Rewolusie- alle andersheid wou begin doodvee en met hierdie rewolusionêre ingesteldheid is die belydenisse en besluite van Dordrecht se boeke toegeklap.

'n Reglement en kerkwet wat die Bybelse beginsels van Dordrecht wou doodtrek, maar die andersheid van Doppers in SA was om weer na Dordrecht te wil terugkeer. Vir lank was dit in Suid-Afrika 'n geseënde andersheid. Toe Simson se opvallende andersheid weg was, toe sy hare afgeskeer word, was hy niks. Die GKSA, sou ons hierdie vergelyking mag deurtrek, het baie van sy hare verloor, ja het sy hart vir Dordt verloor.

\*\*\*

Ek voel in baie opsigte beskaam, soos 'n man met 'n half-geskeerde baard want waar ons in ons andersheid ander wil troos word ons dikwels juis op grond van ons andersheid verguis. Dawid se manne wou troos en toe word hulle ook juis in troos verguis. Dit wat die Franse Rewolusie wou bring is 'n vryheid en broederskap wat alles feil het vir gelykheid en vir wat anders is, mag daar nie tyd of plek wees nie. Om hierdie Simson in ons tyd na te kyk, is daar

baie wat sal sê- sny sy hare, hy lyk dan net meer respektabel, meer aanvaarbaar, moet nie jou andersheid langer vooropstel nie. So word met God se Woord ook vandag grotendeels mee omgegaan. Daar word nie eerstens klem gelê op die unieke waarhede, die besondere troos, die gesag en die wonder daarvan nie, née, sovele poog om juis hierdie troos, hierdie andersheid so in te kleur en juis die andersheid so te vervaag dat die klem al hoe meer gelê word op die aspekte wat die kerk vir die wêreld meer aanvaarbaar moet maak. Die noodsaaklik goddelike eis dat die gelowige duidelik van die wêreld onderskei moet word, word in die gees van ons tyd, selde, indien nog ooit gehoor.

\*\*\*

Die vraag vandag by die skeer van Simson se hare en by die half geskeerde baarde, mans met die helfte van hulle klere kaal gestroop- hoekom gebeur sulke dinge. Hoekom is die Gereformeerde kerke op so baie terreine besig om sy andersheid weg te gee, om met  $\emptyset$  gelykmaking te werk wat nie maar net middelmatige sake raak nie, maar die gebruik van Nagmaal, die Psalms, dit word haarloos gemaak, ons moet dieselfde lyk, daarin word eenheid voorgestel en nie meer in daardie andersheid van om waarlik net in Christus één te wees nie.

Die betekenis en die belofte van hare of baard wat weer kan groei, moet ons dieper aangryp. God sorg daarvoor. By Dawid is daar wraak geneem. Die afgesnyde klere en baard, hulle wat God in sy liefde beledig het, hulle wat mense wat vir hulle goed wou wees, verkleineer het, besef hulle regtig waarmee is hulle besig. God wat die mens na sy beeld geskape het, om so iemand te verkleineer soos met Dawid se troosters gedoen is, waar hulle beeld draers van God is, is om die beeld van God in mekaar te verkleineer. Sal God toelaat dat mense sy beeld in die mens maar kan bly afbreek, bly belaglik maak, heelyd wil bly vernietig. Daardie manne met stukkende baarde en verflenterde klere veg  $\emptyset$  oorlog waarin God vir hulle die oorwinning gee. So ernstig was dit, dat God hulle laat oorwin en dit nie op klein skaal nie!

\*\*\*

Die skaal van God se liefde balanseer uit, die gewig wat hierdie skaal ons na laat kyk, is daardie Man wat in liefde na hierdie wêreld gestuur was. Die grootste Trooster wat daar nog ooit na ons kon kom, het God na ons gestuur- sy eie Seun. *So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het*, maar hierdie Trooster, ons Here Jesus Christus, Hy is meer as net baie beledig, niemand is nog ooit verneder soos Hy nie, Hy is bespot, bespoeg, geslaan, gekruisig, daar het hulle Hom sy klere alles van Hom weggeneem. By die spot van Dawid se manne was telkens die helfte weggeneem, die helfte baard, die helfte klere, by

Jesus is alles van Hom weggeneem, al sy klere, ja sy volle heerlikheid, sy lewe in alles. Selfs God se teenwoordigheid was van Hom weggeneem! Hy het waarlik gesterwe.

Maar Dawid laat sy manne weet, hou julle terug, laat julle baarde eers groei, in daardie geskeerde baard is die wortel nog daar, v. 5 sê Dawid- *Bly in Jerigo totdat julle baard weer gegroei het; kom dan terug...* Al kon hulle ook alles van Simson wegneem, sy haarwortels kon hulle nie van hom wegvat nie. En in hierdie wortels het die lewe weer uitgegroeï. Ons kan nie anders as om in daardie baard en in Simson se hare na die graf van Jesus te kyk. *o*n Graf wat mense gedink het Jesus sal terughou. Vir altyd dood...vir altyd begrawe, maar daar waar Hy dood was, daar het Hy uit die dood opgestaan. Hy het die lewe ingestap as Een wat klaar verneder is, as Een wat lewe! Vir ons is dit geweldig troosvol om dit te mag hoor.

Moet nie dat u in u lewe, dit wat God u mee wil troos, ook as ons net-nou weer ook ons troosboek, die Kategismus oopmaak, moet nie die troosters se baard wil uittrek nie. Sien raak, soek waarlik na daardie troos waarmee die Heilige Gees, ons ander Trooster hier op aarde na jou toe kom. Laat ons getroos weet, die baard het weer gegroei, Simson se hare het weer gegroei, by die hergroei de baarde is daar oorlog gemaak, by Simson het hulle wel sy liggaamlike oë permanent op aarde kon blind maak, maar waar sy hare weer groei, het hy nie meer liggaamlike oë nodig gehad nie, maar tog het juis toe sy geestelike oë oopgegaan. Daar waar hy God op die einde in sy lewe, blind maar hergroei tussen die pilare aanroep en daardie pilare met die vyande van God tuimelend toevou, watter geweldige lewe wat daar spreek net in sy hare wat weer gegroei het. Ons kan hier uitgaan vandag, ook waar ons besef hoe mense die GKSA wil kaal skeer, die skeermes word in hierdie tyd wyd aangewend, die andersheid word weggeskeer, maar die wortel van ons bestaan, die wortel van om waarlik gereformeerd te wees, kan nie weggeskeer word nie. Die worteltjies lewe. Dit sal weer groei- dalk nie so vinnig, so welig soos ons dit wil hê nie, maar moet nie dink die skeermes wat satan in die tyd oor ons koppe, of dan nou by wyse van vergelyking oor ons baarde trek, kan die wortels van gereformeerd-wees wegskeer nie.

Dit kan nie, alhoewel dit kan ons baie seermaak, dit kan ons skend, die bloed kan loop, dit kan ons dalk totaal en al beroof van ons opvallende andersheid wat ons as kinders van God moes koester, ja dit is baie sleg, maar weet u, dieselfde skeermes van satan sal nie die haarwortels, die baard in sy wortel kan uittrek nie. Daarin is jou en my troos. Elkeen wat waarlik aan God behoort, laat hy/sy by die betekenis en by die belofte van wat God met

Dawid se manne, maar ook met Simson se hare laat gebeur het, jou ook troos, Die genade werk van God, dit wat die Here eenmaal begin het, by hulle wat waarlik aan Hom behoort, dit kan nie uitgewis word nie. Laat ons net weer vandag ons andersheid in God besef, dan is die groei klaar weer daar.

Dit gaan nie op die einde om wat is gereformeerde alleen nie, maar waarna laat jy jou vorm, wat is die reformasie in jou lewe. Alleen terug na die Woord, na die volheid daarvan, dit wat Dordrecht alleen wou doen. Dan hoef ons nie die skeermesse in ons tyd so te vrees deur op 'n manier nou jou eie skeermesse aan te lê nie. Om 'n skeermes met 'n skeermes tegemoet te gaan kom ook van die duiwel af. Nee, werk aan wat jy weet jou uniek maak, anders maak, in die wete hulle mag dalk my wou kaal skeer, my half geskeer, half kaal aan die wêreld oorlaat en tog baard het weer gegroei, hare groei weer, dit alles omdat daar 'n God is wat weet wie hulle is, wat andersheid wil wegskeer, maar God sal sy kinders nie van Hom laat afskeur nie.

AMEN